# DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XII. | Donderdag 13 Junie 1957. | No. 9.



FERDINAN BIBLIOTEEK

# Stappe tot kontak met andersdenkendes

## *Die Studenteraad se rigting*

Met 'n besondere uitgangspunt, naamlik „In U Lig", is dit vanselfsprekend dat die P.U. vir C.H.O. ook 'n besondere oortuiging sal hê in sake die verhouding van die Afrikaanssprekende en Engelssprekende Studentegroepe in Suid-Afrika.

„In U Lig" moet ons ook die kwinkslag van die kommunisme verstaan, om van 28 Julie tot 11 Augustus 'n internationale studentefees in Moskou te hou.



Mnr. Tjaart v.d. Walt, S.R. Voorsitter.

Dit is nie die taak van die Calvinis om geïsoleerd te staan nie—ook nie in ons studentelewe nie. Die afgelope tyd het ons 'n hernude besef van hierdie waarheid beleef in die reorganisasie van ons Studentelewe verlede jaar. Ook vanjaar is reeds goed gevorder in hierdie rigting: op die afgelope S.R.-vergadering (10 Junie1957) was 3 sake ter tafel. Ons het hier te doen met één saak: Ons houding teenoor die buitewêreld, maar ons het hier ook te doen met drie verskillende instansies: Ons houding teenoor Rhodes, NUSAS en Moskou.

Kontak beteken egter nie inskakeling, assimilasie nie. Kontak impliseer ook nie noodwendig samewerking nie, allermins op neutrale grondlose grondslag. Kontak wil wedersydse kennis bevorder.

### RHODES:

Wie sal dit ontken dat daar 'n nouer skakeling tussen die Afrikaanse en die Engelse Universiteite moet wees? Dit is die begeerte van die Rhodes Universiteit om onderlinge samesprekings met Afrikaanssprekende Universiteite te voer in verband met dié moontlikheid en as sodanig kan die Afrikaanssprekende student nie anders as om toenadering in die hand te werk nie, mits beginsels nie hierdeur ontwater hoef te word nie.

Die S.R. steun die saak gevolglik in beginsel, maar vra verdere besonderhede.

### .U.S.A.S.-beginsel:

Die studente kan 'n groot bydrae le er tot die welsyn van die Vaderland, r nie as hulle in twee geïsoleerde ka pe... met... doringdraadversperrings ro om vertoef nie. Daarom moet 'n weg tot nouer kontak tussen die Afrikaans- en Engelssprekende-studentegroepe gevind word.

Dat die beleid van N.U.S.A.S. en A.S.B. in sommige opsigte radikaal van mekaar verskil, is duidelik, maar dat beter kennisname van die onderskeie standpunte kan geskied, is eweeens duidelik. N.U.S.A.S. rig reeds verskeie jare die uitnodiging aan Afrikaanse Universiteite om 'n waarnemer na die jaarlikse N.U.S.A.S.-kongres te stuur. Dit is nog steeds konsekwent geweier omdat N.U.S.A.S. se beswaddeeringspogings, veral in die buitewêreld, sy aanmatigende aansprake en sy samestelling hegter eenheid onmoontlik gemaak het. Die tyd vir beter kennisname van die onderskeie standpunte is egter seker reeds daar.

### VERSIGTIG:

Om egter 'n waarnemer op hierdie tydstip na die N.U.S:A.S.-kongres te stuur sou oorhaastig wees, omdat voorbereidingswerk nog nie gedoen is nie—'n mens moet mekaar eers vind en daarna kan ingegaan word op die beginselverskille. Boonop moet die A.S.B. sekerlik eers in so'n saak geken word.

Doelbewuste en versigtige voorbereidingswerk moet dus eers gedoen word om 'n nouer kontak tussen die twee studentegroepe in Suid-Afrika te bewerkstellig.

### KANALE:

Die S.R. sien op hierdie tydstip die volgende kanale om hul doel te bereik. Die Studenteraadsvoorsitters kan by geleentheid van 'n simposium (vroeg in die derde kwartaal) die geleentheid kry om as sprekers op te tree en voorbereidingswerk te doen deur hulle standpunte te stel. Afgevaardigdes kan die geleentheid ontvang om in teenwoordigheid van die S.R. informele samesprekings te voer oor die tema van die Simposium: „Nouer kontak tussen die Afrikaans- en Engelssprekende studentegroepe in Suid-Afrika is sowel noodsaaklik as moontlik."

Voorbereidingswerk kan voorts gedoen word deur die uitruil van publikasies en inligting. Die doel wat die S.R. voor oë stel, regverdig sekerlik u aandag en die eerskomende massa-vergadering (17 Junie), sal dan u die geleentheid bied om u standpunt te stel en met wenke u invloed te laat geld.

### Kommunistiese toenadering:

Die uitnodiging wat Rusland aan die Westerse studente rig is tipies, in dié sin dat Rusland alles in die werk stel om vrugbare saaigrond vir sy kommunistiese gedagtes te vind.

In aanmerking geneem dat die wetenskapsbeoefening in Rusland agter 'n ystergordyn geskied, lyk die uitnodiging voorwaar aanloklik. Die gevaar daaraan verbonde bly egter sigbaar vir enige regdenkende persoon: Die student moet sodanig beïnvloed word dat hy 'n apostel van die kommunistiese propaganda-veldtog word in die westerse wêreld. Dat so'n uitnodiging deur die S.R. subiet van die hand gewys is, is vanselfsprekend.

Die opinie van die S.R. met betrekking tot ons houding soos hierbo uiteengesit, verdien nie alleen u steun nie, maar ook u volle samewerking: want dit gee uiting van die beleid: beginselvas, wees versigtig, laat jou lig skyn!

## KENNISGEWING

Eerskomende Maandagaand, 17 Junie om 7.00 nm. word 'n massavergadering gehou in die Totius-gedenksaal.

AGENDA:

- Verhouding tot Engelssprekende studente.
- Vrae oor halfjaarverslae.
- Ens.

**S.A.N.L.A.M.**
Word verteenwoordig deur
**Mnr. J. Venter**
Dawie du Plessis, Heimat.
**Mnr. Piet Grobler**
Teologiese studente.
**Mnr. H. van Rooy**
Klawerhof, Ons Huis, Postma Huis, Uitspan, De Klerk Huis.
**Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.**

**G. H. Juweliers**
Kerkstraat 129.
Herstelwerk Deskundige
Horlosiemaker en Juwelier

MALAN MEUBILEERDERS
S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,
POTCHEFSTROOM.
●
**KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!**

ALF CURADO
(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)
**maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese ateljee**
**ALF'S STUDIOS**
**KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)**
**geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesialiseer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en kinderstudies.**
'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUK-DIENS (Aflewering binne agt uur) word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aangebied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm. ingegee word.
**As u met net die beste tevrede is, kom gerus na ons toe.**

REDAKSIE
Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Riekert, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Rooy; Aflos Mej. L. Heslinga; Fotograaf: J. van der Walt
ADMINISTRASIE
D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

*Die Wapad*
**Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.**
Donderdag 13 Junie 1957.

# REORGANISASIE.

## *'n Nabetragting*

Dit is nou 'n jaar gelede dat op die P.U. vir C.H.O. begin is met 'n grootskaalse reorganisasie van die studentelewe. 'n Beskouing oor hierdie aspek van die afgelope jaar, sal dus gepas wees.

Die doelstellings wat met die reorganisasie beoog is, kan soos volg saamgevat word: verligting van die werk van die S.R. en veral van die dagbestuur; groter geleentheid vir die hoof- en onderliggame vir die aan dag lê van eie inisiatief; aktivering van die individuele student deur die daarstelling van kanale vir die vloei van eie inisiatief.

Van verligting van die pligte van die S.R. het baie min tereg gekom. Hoewel die Voorsitter tans net verantwoordelik is vir S.R.-werk, het die S.R. vanjaar 'n ongekende toestroming van werk ondervind. Om dit na behore te behartig, sal dit noodsaaklik word om 'n voltydse amptenaar vir S.R.-werk aan te stel.

Die deurwerking van die reorganisasie na die hoofliggame, is baie duidelik. By die A.S.B. en Korps het 'n groot uitbreiding van werksaamhede moontlik geword deur die vergroting van die Besture. By S.S.B. en A.B.K.K. is die uitwerking alleen gevoel in soverre dat die Voorsitter van die A.B.K.K. tans nie op die S.R. is nie en daardeur tot 'n groot mate die noue kontak tussen die A.B.K.K. en die S.R. verlore gegaan het—'n toestand wat natuurlik kan ontstaan t.o.v. enige van die hoofliggame. Om die kontak op effens kunsmatige wyse d.m.v. verteenwoordigers op die S.R. te behou, het tot dusver nie goed geslaag nie.

Tans lyk dit nie of die individuele student veel deur die reorganisasie geraak is nie—die handjievol wat deur Korps en A.S.B. a.g.v. uitbreidings op die Bestuur betrek is, uitgesluit. Van die kanale geskep vir die leiding van die eie inisiatief word nie gebruik gemaak nie. Eerder word gehoor van klagtes dat die studentelewe oorgeorganiseer is; dat eie inisiatief doodgedruk word.

Die oorsake van hierdie klagtes is waarskynlik dat die reorganisasie meer van bo af op die studente afgedruk is i.p.v. dat hulle self deur die gedagte aangegryp is en positief meegewerk het tot die bereiking van die beoogde resultate. Verder: wanneer dit blyk dat die werk van die S.R. en veral van die dagbestuur grootliks vermeerder het, kom die gedagte op: word die tyd wat bespaar word deurdat lede van die dagbestuur nou nie meer noodwendig op ander Besture dien nie, nie te veel gebruik om in te meng met minder belangrike en selfs huishoudelike sake van die hoof- en onderliggame nie? Dan dink 'n mens aan die keuring van sportspanne; selfs om te disputeer oor wat die behoeftes van Thalia op toneelgebied is; afkeuring van metodes tot geldinsameling van die Skaakklub; groot seggenskap van die S.R. oor die besteding van fondse aan die verskillende liggame toegestaan of deur hulself ingesamel.

Vanjaar was egter nog 'n begin- en proefjaar en die tyd is nog nie ryp om 'n finale oordeel uit te spreek oor die geslaagdheid al dan nie van die reorganisasie nie. Dit is egter duidelik dat 'n gevoel van lojaliteit, noue samewerking en welwillendheid tussen elke student, onderliggaam, hoofliggaam en S.R. noodsaaklik is om die nuwe stelsel te laat slaag.

# Oordenking

## KOOP DIE TYD UIT.

Efesiërs 5: 15: Pas dan op dat julle nougeset wandel, nie as onwyse nie, maar as wyse;

16: **en koop die tyd uit, omdat die dae boos is.**

Ons sal ons dadelik afvra: geld hierdie woorde van die apostel Paulus ook vir ons tyd? Maar baie gou sal ons vind dat ons waarlik geen opsigtelike vergelyking hoef te maak tussen ons tyd en die tyd van Paulus of enige ander tyd nie. En die rede hiervoor? **Elke tyd het genoeg van sy eie kwaad,** en het van daardie kwaad heeltemal 'n ruim hoeveelheid. **Elke tyd het egter ook weer sy eie karaktertrekke wat hom tipeer,** en die karaktertrekke van ons tyd is seker duidelik genoeg en aan almal bekend. Selfsug, hoogmoed, liefdeloosheid, kerk-en sedeloosheid is maar 'n paar eienskappe van die tyd waarin ons leef.

Wat 'n heerlike taak is dit dan nou om in so 'n tyd die banier van die Christendom omhoog te kan hou! Ja, die Kerk van Christus moet sy lig laat opgaan oor die arm en skyn-christelike wêreld waarin hy verkeer.

In die bogenoemde verse is daar veral **twee ernstige waarhede** waaraan die apostel Paulus herinner. **Eerstens** wys hy daarop dat ons ons tyd goed moet bestee, daar die tyd stadig maar seker verbygaan en dus eintlik voortsnel, maar ook dat ons hele lewe met die sonde saamhang, en dat ons dus elke oomblik gevaar loop om ons kosbare tyd aan die magte van die sonde oor te lewer en te bestee. **Tweedens,** dat ons ook die agting van die wêreld moet win deur ons handel en wandel rein en suiwer te hou, om sodoende met vrug op die wêreld te kan inwerk.

Paulus wil dus hê dat ons daarmee rekening moet hou dat die booshede van die tye die geleenthede om waarlik iets goeds te doen, min maak. Die hele lewe is deurvleg van sonde en sedebederf.

Reeds in Efesiers 5: 15 wys die apostel Paulus daarop dat ons **nougeset moet wandel, nie as onwyses** wat van die een dag in die ander oorgaan sonder om ooit vir hulleself rekenskap te gee van wat hulle eintlik doen nie, **maar as wyses,** wat weet hoe om hulle tyd tot hul eie en tot ander se voordeel te gebruik.

**Koop dan die tyd uit in plaas van dit te verspeel!**

Dink daaraan dat 'n verwaarloosde geleentheid nooit weer terugker nie! Laat ons maar ons eie willigheid en wêreldlus daarvoor opoffer—dan doen ons 'n goeie koop, want die tyd behoort nie aan die wêreld nie, **maar aan God en sy koninkryk.**

Ons bevind ons in 'n druk georganiseerde studentelewe waar daar soms tyd gemaak moet word om iets te doen, waarin die studietyd soms min word, en daarom is dit des te meer noodsaaklik dat ons sal weet hoe om die tyd tot ons beskikking te gebruik, en dat ons dit nuttig en reg sal gebruik. In die lig hiervan het die woorde van die apostel Paulus ook betrekking op ons, is dit ook van toepassing op ons en die studentelewe waarin ons staan. Ja, hierdie woorde kom tot elkeen van ons as 'n ernstige vermaning!

Ons moet weet hoe om die goeie oomblikke te benut, wanneer ons die krag en genade en God se seën ontvang om positief te kan arbei. **Ja, ons moet werk solank dit dag vir ons is!**

Maar laat ons ook onthou dat die roeping ook op ons rus om teen die wêreld te getuig en dit die lig te laat aanskou. Ons moet die wêreld geen aanstoot gee nie, maar hom beskaamd maak aantrek en so vir Christus win. **So het elkeen van ons 'n taak teenoor sy ongelowige medemens,** naamlik om tot seën te wees en tot Jesus Christus te lei. Ons mag nie alleen aan ons eie siel en saligheid dink nie.

Dink dan daaraan—die geleenthede om iets te verrig, is nie veel nie. Gebruik hulle daarom goed, te meer omdat die teenswoordige dae boos is. Dan sal dit goed gaan met ons, dan sal ons waarlik gelukkig wees!

**Koop die tyd uit, want die dae is boos.**

P. J. S. de Klerk.




## VAN DIE REDAKSIE

Dagsê Pukke,

So in die middel van die toetsweek probeer die redaksie van „Die Wapad" weereens om aan ons lesers iets vir ontspanning te bied. Ons hoop dus werklik dat hierdie uitgawe van ons koerant van so 'n gehalte sal wees dat u werklik met genot kan lees. Maar so van gehalte gepraat: geagte lesers ons vra dat u maar so'n bietjie geduld moet gebruik met al die wisselinge en die skommelinge wat daar in „Die Wapad" plaasvind. Ons probeer werklik om die blad so interessant en aantreklik moontlik aan u te bied, en dit is nie altyd 'n maklike taak nie.

U waardering is dus altyd baie bemoedigend en u kritiek altyd baie welkom en insiggewend. Ongelukkig kan ons nie altyd al die briewe plaas wat ons ontvang nie, maar nogtans word van almal kennis geneem.

Soms hoor mens 'n sug na „Sottie se dae". Maar ons kan tog nie altyd by dieselfde dinge bly nie, hoe interessant dit ookal was. Ondersteun dus gerus ons nuwe pogings ter opheldering van die blad. Baie dankie vir die mooi ondersteuning van Cassawali se Gaatjies-raai-raai. In die plek daarvan vind u nou 'n vasvrawedstryd en mag ons in die volgende uitgawe u ondersteuning as **skitterend** kan bestempel.

Nogmaals sterkte met die akademie wat swaar druk. Moenie probeer om die proffies tevrede te stel nie, hulle verwag teveel. Stel alleen maar uself tevrede!

Pukkies mag ons in 'n goeie gees saam studeer, saam speel en saam sleep!

Andries Myburg.

# Prof. W. N. Coetzee voor T.S.V.

Op Dinsdagaand 4 Junie het Prof. W. N. Coetzee, 'n oudlid van die T.S.V., die vergadering toegespreek oor die verspreiding van Gereformeerde waarhede.

Die geagte spreker het na sy studiereis oorsee tot die slotsom gekom dat in Suid-Afrika, weens sy aanvanklike geïsoleerdheid, die Gereformeerde leer die suiwerste bewaar is. Dit is ons aangename taak om hierdie leer te versprei, langs verskillende kanale.

Die eerste sou wees om die Gereformeerde waarheid aan akademici te bring, sodat dosente en studente kontakpunte in die buitewêreld kan wees, nie net in die gemeentelike kring nie.

Aan hierdie doel moet die blad „Koers" beantwoord. Dit is as't ware die mondstuk van ons Universiteit waardeur die dinge wat kenmerkend van ons inrigting is, na die akademici van ons land uitgedra word. Met die huidige sirkulasie kan die blad nie aan hierdie doel beantwoord nie. Elke student aan die P.U. vir C.H.O. behoort dus op „KOERS" in te teken. Die intekengeld is 10/- per jaar en hoef nie dadelik betaal te word nie.

**UNIE BAKKERYE**
Posbus 244 — Foon 167 en 1086.
BROOD, KOEK en PASTEITJIES.
Bakkers en Banketbakkers vir alle geleenthede
TROU, VERJAARDAG- en DOOPKOEKE.
Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

**J. HEIDEMA**
Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)
Vir FIETSE.
Vir ZÜNDAPP Motorfietse.
Zündapp model KS 601 £348
Zündapp model 200S £183/2/6
Zündapp Combinette £81/10/-
Zündapp Combimot Fietsmotors £39/-/-

**Studente . . . !!**
vir al u
- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!
**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**
Kerkstraat 126 —Telefoon 497

PUKKIES!!
SPAAR JULLE ENERGIE VIR GROTER DINGE
BESOEK:
KOLLEGE ONTSPANNINGWINKEL
PUKKIES!!
VIR:
- TOILETWARE
- SKOONHEIDSMIDDELE
- SKRYFBEHOEFTES
- VULPENNE
- HORLOSIES
- EETWARE en alle
- STUDENTEBENODIGHEDE.

Hierdie is die winkel waarna julle al jarelank smag.
H/v Tom- en von Wiellighstrate.

# A.S.B. en Landsdiens

## Verskeie Landsdienskampe aangebied.

In die verlede was daar 'n algemene gebrek aan belangstelling onder A.S.B.-lede ten opsigte van die departement van Landsdiens. Die gevolg was dat hierdie departement nie veel meer was as net 'n blote naam nie. Graag wil die A.S.B. dus van die geleentheid gebruik maak om die Landsdiens-aspek van die A.S.B. beter onder die aandag te bring, en te propageer onder sy lede.

**PLAASWERK:**

Die departement van Landsdiens is tans besig om te onderhandel met die departement van Landbou ten einde plaaswerk vir studente by boere te verkry gedurende vakansies. Die moontlikheid van plaaswerk gedurende die eerskomende Julievakansie is nog geensins uitgesluit nie. Op hierdie stadium kan ongelukkig nog geen werk vir die Julievakansie gewaarborg word nie, maar lede kan solank die moontlikheid van plaaswerk gedurende die Desember-Januarie vakansie, oorweeg.

**LANDSDIENSKAMPE:**

Die Departement van Landsdiens van die A.S.B. is voornemens om gedurende Desembermaand (moontlik van 7 tot 14 Desember) 'n Landsdienskamp te reël in samewerking met die Departement van Landbou. Sodanige kamp sal vir alle A.S.B.-lede in Suid-Afrika vry staan om by te woon, en sal moontlik by Morgenson, Rooiplaat, Potgietersrust of Magaliesberg gehou word. Die koste verbonde aan so 'n kamp sal nie die bedrag van 5/- oorskrei nie, en alle studente in Transvaal sal selfs van 'n gratis reiskaartjie heen en terug voorsien word. Studente uit ander provinsies sal 'n gratis reiskaartjie ontvang vanaf die grens na die kamp en weer terug tot by die grens.

**KURSUSSE:**

So 'n kamp sal vir die dames insluit demonstrasies oor Landbou, spesiale kursusse en praktiese kursusse bv. hoedemaak, tapisserie, noodhulp, ens. Vir die mans sal dit insluit grondbewaring demonstrasies bv. uitmekaar haal en herstel van verskillende masjiene, ens. Verder is daar 'n ander toegewing . . . en dit is dat u self kan kies watter kursusse u aangebied wil hê en dit wat die meeste studente aanvra sal aangebied word. Daar is egter een teleurstelling en dit is dat daar net vir 300 studente (150 mans en 150 dames) voorsiening gemaak kan word.

Om egter 'n voorlopige raming op te stel word diegene wat wens om te gaan, gevra om hulle name op 'n lys, wat op die kennisgewingbord sal verskyn, te teken.

**JULIEVAKANSIE:**

Verder word daar vanaf 19 tot 27 Julie 1957 'n volkskamp by die Hartebeespoortdam gehou. By hierdie kamp sal die volgende kursusse aangebied word.

In die voormiddag: Hoedemakery, Kleremakery, Koekversiering, Fotografie, Houtwerk, Motorherstelwerk en Radioherstelwerk.

In die namiddae: Ontspanning en sport.

Saans: Samesang, voorlesings en besprekings van aktuele sake, Filmvertonings, gesellige verkeer en kampvuurjoligheid.

Daar sal egter net 120 kampgangers toegelaat word en die kampgeld sal £5-0-0 per persoon wees. Ook vir hierdie kamp sal daar 'n lys op die kennisgewingbord verskyn en diegene wat voornemens is om te gaan, word gevra om so gou moontlik hul name te teken sodat daar met hulle in verbinding getree kan word om verdere reëlings te tref.

**FILMVERTONING:**

Die A.S.B.-tak aan die P.U. beoog ook om eersdaags 'n Filmvertoning te hou wat sal gaan oor Landsdiens en grondbewaring in die algemeen. Lede en belangstellendes word gevra om dit by te woon aangesien dit baie leersaam sal wees.

**PLASIE:**

Die A.S.B. is ook naarstiglik op soek na 'n plaas of geskikte stukkie grond as 'n skenking. Indien enige student of sy Vader in hierdie dringende behoefte kan voorsien of indien u enige wenke aan die hand kan doen wat mag lei tot die verkryging van grond vir die A.S.B., sal dit op prys gestel word as u dadelik met die Bestuur van die A.S.B. in verbinding tree.

# *A.S.B. hou samesprekings met vooraanstaande Bantoe.*

Die Departement Rasseaangeleenthede van die A.S.B., onder voorsitterskap van mnr. Dick Putter, het op 6 Junie samesprekings gereël met twee vooraanstaande Bantoe: Legele (Opsiener van Bantoeskole, Wes-Transvaal) en Seletsa (Lid van die Bantoe-adviesraad, Munisipaliteit van Kroonstad). Ongelukkig is Kaptein Lentsoe van Zeerust verhinder om te kom.

Die samesprekings is op informele wyse gehou tussen die bogenoemde twee naturelle en ongeveer 20 studente en dosente van die P.U. vir C.H.O. Veral die Bantoe-onderwyswet (met aparte universiteite), die ekonomiese lewe van die Bantoe, die huidige politieke situasie en aspirasies van die Bantoe, is onder die vergrootglas geneem. Wat hier veral na vore gekom het, was die groot dors na en waardering vir geleerdheid deur die nie-blanke; die swak ekonomiese posisie van die Bantoe met die talle nadelige implikasies daarvan en 'n gevoel van onsekerheid ten opsigte van die Afrikaner by die nie-blanke. Die laaste kan grotendeels oorkom word deur 'n beter wedersydse kennis van mekaar waardeur 'n waardering vir mekaar se siening van sake en 'n onderlinge vertroue aangekweek kan word.

In sy bedankingswoord het mnr. J. D. van der Vyver met waardering melding gemaak van die moeite wat mnr. Putter gedoen het om op so 'n manier een van die besluite van die A.S.B.-kongres ten uitvoer te bring: Deur meer dergelike samespreking te reël kan grootliks bygedra word tot die skepping van 'n beter verhouding tussen die rassegroepe in ons land.

**DIE BULT**


**Algemene Handelaar**

**Von Wiellighstraat 46,**

**Foon 2025.**

**KRUIDENIERSWARE, SIGARETTE en LEKKERS**

**RUDGE FIETSE en FIETS-ONDERDELE**




**OU VADER KLA OOR HEKKERY.**

Vleuel,
P.U. vir C.H.O.
10 Junie 1957.

Die redakteur,
DIE WAPAD.

Waarde Heer,

Vergun my om kortliks my gevoelens, wat soos 'n waterval in my siedende binneste bruis, in u nobele blad te lug.

Hier is 'n groot skroef los op hierdie abode van eksistensie oftewel campus ons. Ek verwys na verskynse's wat van tyd tot tyd hier by ons voorkom, nl. dat ons ou eerstejaardametjies sommer **gehek** word as hulle tussen **4.00 en 5.00 nm.** in die mees opheffende geselskap van 'n vriendelike ou-vader opgemerk word. Ek wil nie graag skinder nie maar dergelike geselskap kan veel bydra tot die algemene vorming en opbloei van die onskuldige wesentjies, wat so koelbloedig aan die pen moet ry vir die GOEDBEDOELDE WANDADE van so'n wolf van 'n ouheer.

Dit is nou nie my bedoeling vir die bestek van hierdie skrywe om genoemde ouhere wat **so binne d'e perke van die reëls oortree** te beswadder nie. Inteendeel, dit is juis om die onskuld van dergelike oortreding aan die lig te bring. Wie die bron van onheil is wil ek nie weet nie. Ons het hulle al lankal vergewe. Ons sal egter graag wil sien dat hierdie nare verskynsel nie weer voorkom nie. Dit maak die lewe van ons gemeenskap onaangenaam.

Dit is nie net een kompleks-bewoner wat so voel nie. Dit is sommer baie.

Asseblief laat dit nie weer gebeur nie. 'n Mens sal naderhand sku wees om die geselskap van jou eie bloedfamilie op die terrein op te soek.

Met alle liefde en goedgesindheid,
Dankie vir plasing,
H. J. van der Walt.

**OOR MISPLAASDE KRITIEK.**

Die Redakteur,
„Die Wapad",
Potchefstroom.

Geagte Meneer,

Vergun my asseblief om meneer Jurie Gouws Venter te antwoord op sy brief in „Die Wapad" van 28 Mei. Dit lyk vir my meneer Venter, hoewel hy goed weet dat daar 'n verskil tussen tafels en klein varkies is, self baie lief is vir spekskiet.

In die eerste plek praat hy in sy

brief van die geagte rubriekskrywer wat dan so gefouteer het. Wel, ek het nog nooit 'n r briek op die voorblad van 'n nuusblad raakgeloop nie. Dit waarna hy verwys het, was 'n blote berig wat aangesluit het by die berig oor die A.S.B.-kongres en het dus niks met die Kunsredaksie te doen nie.—Die refleksie wat op die Kunsredaksie gemaak is in verband met hul kennis van kunsrigtings, is dus geheel onaangepas.

Verder sou ek dink dat die „swak smaak" waarvan hy praat nie soseer by die persoon wat die berig opgestel het, gesoek moet word nie, maar wel by die persoon wat die saak so rugbaar laat word het.

Die uwe,
Spekkie.

kent tussen een donkie en een donkie, Mijnheer de Redakteur: zij zijn beiden anders en toch blijven ze maar hetzelfde.

Het internationaal belang van dit onderscheid inziende, zal U graag voldoen aan ons eenstemmig verzoek om dit stukkie voorbeeldig proza in uw koerant op te nemen.

Bij weigering van dit verzoek zal ik mij tot herstel van mijn persoonlijkheid, genoodzaakt zien om dit geschil aan de praktische en steeds verstandige beslissing van de V.V.O. (U.N.O. in het ‚hollands') aanhangig te maken

met dank,
Uw,
Johan Fleerackers,
Vlaming, Belg, Groot-Nederland, Europeaan.

P.S. Met vreugde deel ik mee dat uit praktisch oogpunt Prof. Taylor uit Amerika zijn wetenschappelijk advies kosteloos heeft aangeboden bij behandeling van het geding voor de V.V.O. (Debat in 5 talen, gelijktijdig en onmiddelijk vertaald).

# Iets van „Besoekers uit Nederland"

Potchefstroom,
8 Juni 1957

Aan de Hoofdredactie van
„Die Wapad".

Geachte Heer,

Nu ik reeds enkele weken het genoegen heb in het midden van de gastvrije P.U. vir C.H.O. te mogen vertoeven, acht ik het ogenblik gekomen om met een enkel woord te antwoorden op uw vriendelijk artikel „Besoekers uit Nederland" in ‚Die Wapad' van 16 Mei.

Het is niet aan mij om uw aardrijkskundige kennis en algemene ontwikkeling te beoordelen, maar met welwillend vermaan wijs ik U er op, dat Vlaanderen niet tot Nederland behoort. U hebt zowel Dr. Fleerackers als mij leed gedaan door deze veralgemening.

Er is echter meer.

Hoezeer ik begrijp, dat populariteit een der belangrijkste dingen is in uw studentenleven en hoe goed ik vesta, dat voetbal- of andere sportprestasies en bij gebrek daaraan indrukwekkende verenigingsposten de onmisbare basis voor deze „belangrijkheid" vormen, moet ik toch wijzen op enige overdrijving, al zou deze wijziging mijn aanzien ook schade doen, wat ik mij echter niet tot schande zal rekenen. Ik verwijs U naar mijn ondertekening.

Toch ben ik U dankbaar voor uw artikel.

Nu weet de "Puk-massa", wie ik ben? Van mijn kant tracht ik nog steeds vorm en inhoud van uw massa te doorgronden. De Studentenraad ken ik reeds.

Het doet mij goed te verkeren tussen U en uw collegae, allen zo toegewijde dienaars en dienaressen van de wetenschapsbeoefening, zoals dat aan een goede universiteit behoorlijk is.

Dat uw vorming gegrond wordt op een richtend en bepalend beginsel, is een der kenmerken van de vooruitstrevendheid van uw universiteit, zoals ik dat besef als student aan de Vrije Universiteit te Amsterdam.

Kortom—U zult met mij afvragen, waaraan het mij ontbreekt. Inderdaad —ik ben een „vreemdeling en bijwoner", maar dat zult U slechts als een gebrek beschouwen. Ik niet. Het eigenaardig karakter laat zich moeilijk verloochenen.

Maar juist dit verschil prikkelt en verrijkt de geesten. Dat hebt U goed gezien in uw artikel. En daarom ben ik blij en dankbaar om hier te zijn. Dankbaar ook aan U, geachte heer, voor uw artikel. Dankbaar jegens alle „Pukke" in het algemeen.

Houdt U verzekerd van mijn gevoelens van achting,

H. J. Brinkman,
eo tempore lid van de Nederlandse Studentenraad.

Potchefstroom,
P.U. vir C.H.O.
8 Juni 1957.

Mijnheer de Hoofdredakteur,

Met enige verbazing las ik in „Die Wapad" van 16 Mei ll. onder de ontroerende titel „Besoekers uit Nederland" (Blz. 4) dat ik ter gelegenheid van mijn bezoek aan P.U. vir C.H.O. tot „Nederlander" ben gepromoveerd (vulgo modo ‚hollander').

De al dan niet twijfelachtige eer van deze promotie wil ik bereidwillig aan de geschiedschrijving overlaten.

Maar toch zou ik bij deze gelegenheid, bij monde van dit internationale tijdschrift, U enigiets willen ‚diets maken' over de rationele West-Europese aardrijkskundige-nationale-kulturele-etnologische aspekten van ons burgerschap.

Als U het verschil kan maken tussen een donkie, Mijnheer de redakteur, kan begrijpen dat dit verschil bestaat uit de gelijke lengte van zijn vier poten.

Zo gaat het ook met ons, Harry Brinkman en ondergetekende. Zij bewonen hetzelfde geschiedkundige land, de ene in het Noorden de andere in het Zuiden. Beiden zijn ijverige leden van de Dietse stam.

En toch is het verschil tussen Hollanders en Vlamingen opvallend genoeg voor diegenen die het verschil

# Huiskom. Aikona apriesiyt lo slepers!

Geagte Meneer die Redakteur,

Probleem: Die kuiken eet jou mielies.
Oplossing: Slaat dood die hen. Q.E.D.

Dit is hierdie skitterende filosofie wat deesdae weer die lewens van die slepers vergal. Is dit nie hoog tyd dat die handhawers van bogenoemde slagspreuk met hul skitterende „oorspronklikheid" iets anders in plaas van die so „geliefde en alombeminde" hek uitdink nie? 'n Mens kan nie anders as toegee dat daar tugmaatreëls moet wees nie, maar: waarom moet die man ook gestraf word as die dame iets „verkeerd" doen; Dis die rede waarom ons harte moer pomp! ! Hier is 'n goeie voorbeeld: 'n stuk of ses dames gesels met 'n ouheer gedurende die middag en word gehek, want . . . . . hulle het gesleep"! ! Arme ouheer. Is dit nie miskien 'n geval van suur druiwe nie? ! Kan ons dan nie aanspraak maak op 'n **bietjie** redelikheid van die kant van die huiskomiteelede nie? !

Maar dis nie al nie: 6.45 nm. is sleeptyd! (Ditsim!). Maar sommige van die huiskomiteelede beset reeds die sitkamer lank voor 6.45 nm. (Auk!)— waar is die ontspanningskamers vir dames? — en al wat sleper is moet maar op moedverloor se vlaktes agter 'n miershoop gaan skuiling soek teen die skraal windjie (sic!). Is dit te veel gevra dat alleen slepers die sitkamers tussen 6.45 en 7.30 mag „okjupaai"? Onthou: die dames het nog vestings teen die koue, maar die slepers nie. (Sorry!).

Van ligte wat soms voor 7.30 nm. gefliek word, sal ons nie eers praat nie. (Wat van so 'n bietjie „ouwer taaim?)

Maar tussen die woelinge en wemelinge, droefheid en koue, bly Kulu die slepersparadys. (Pezula-pezula!).

Wêna, ou-miesiese, aikôna apriesiyt lo goetertierentgeit ka lo slepers! (Auk!).

Ons. (og mens)

# KRIETIEK OP OORDENKING

Geagte Redakteur,

'n Woordjie van kritiek oor mnr. Koos du Plooy se „Oordenking" in die jongste **Wapad** (28 Mei). 'n Mens is nie foutvinderig by godsdiensaangeleenthede nie, maar 'n gedeelte soos die onderhawige noop mens om dit te benadruk dat die „Oordenking" darem anders aangepak moet word as wat mnr. Du Plooy dit gedoen het. Ons lesers verwag nie 'n diepgaande eksegese nie; maar waarop ons ten minste met reg kan aanspraak maak is werk waaraan aandag en moeite bestee is: die godsdiens is veels te belangrik om in 'n lekker, vlotte geselsie vol joernalistieke vaardigheid af te maak.

Ek verwys o.m. na die aanvang.
„Die dissipels was bedroef.
Jesus het gesê dat hy weggaan.
Hulle het hom liefgehad. 'n Afskeid tussen geliefdes veroorsaak altyd droefheid.
Hoe bitter!"

Hierdie hortende paragraafindeling is 'n truc wat in derderangse sniktories voorkom, eweas die veelvuldige gebruik van uitroeptekens en dotjies:


„O, leser, as ons Jesus ook by ons gehad het soos Sy dissipels . . ."

Die stuk in sy geheel is 'n dringende gevoelsopsweping, geen suiwere vertolking of uitleg nie. Dit wemel van Bybelclichés wat geen funksionele rede voorkom nie maar net tranerig oor die paragrawe versprei word om emosie wakker te maak.

Is dit dan hoe Christus Sy evangelie vertolk wil hê?

Ek dank u vir my opname,

Die uwe,
Anti-trane.




# 'n „Kunstige" kwartaal in volle gang



„Geen rede vir bohaai nie?! Toneeltjie uit: „Lank mag Sy Lewe".

Uit 'n terugblik na hierdie kwartaal, blyk dit besonder druk te gewees het op die gebied van die kunste. Die Musiekvereniging, Thalia en Alabama is steeds druk besig om te oefen vir hul toerprogramme. Tog het hulle dit moontlik gevind om nog 'n paar ander programme aan te bied.

MUSIEKVERENIGING:

Die Hoër-Gimnasium het onder beskerming van die Musiekvereniging hul operette, „Zurika", in die Totiussaal opgevoer. Afgesien van die aantal konservatoriumstudente wat meegehelp het met die orkes, was alle deelnemers skoliere. Hulle het met groot entoesiasme gespeel en die geheel het 'n mooi afgerondheid getoon.

Die Apollokoor onder leiding van Henk Greyzenhout, het op 26 Mei op uitnodiging van die Musiekvereniging 'n program aangebied. Hoewel die koorsang soms bietjie ru en sonder fyner nuanses was, het die koorleier getoon dat hy goeie gevoel vir harmonisering het en boweal oor baie geesdrif beskik. Die werke het meestal uit kerkmusiek bestaan. Erwin Broedrich, uitstekend begelei deur sy vrou, het 'n paar pragtige vioolsolo's gelewer.

TWEEDEJAARS:

Die tweedejaars het hierdie kwartaal ontpop as 'n klomp wakker organiseerders. Vir die insameling van fondse vir die Hongaarse Noodlenigingsfonds het hulle eers 'n filmvertoning gereël —wat 'n skrikkeljaarskiet en 'n groep vroulike „gaaipe" in die „peanut gallery" tot gevolg gehad het. Daarop het hulle 'n verskeidenheidskonsert op Sasolburg gehou waar lede van die Alabama orkesnommers gelewer en kaskenades uitgehaal het. Die tweedejaars self het 'n toneeltjie, „In My Dae", onder regie van Andre Brink opgevoer. Martin van der Walt het hierin ongenadiglik op die lagspiere van die gehoor gewerk.

## *Thalia meng hom in met Pitswere, Kafferoorloë en Reïnkarnasie.*

Op Thalia se suksesvolle programaand van 7 Junie is twee eenbedrywe en 'n paar items aangebied.

Die Engelse eenbedryf, „Border Folk", het onder regie van Alwyn du Plessis gestaan. Hy het goed daarin geslaag om die gedempte atmosfeer te skep wat in 'n ou plaashuis heers in die aand. Outydse agterlaaiers, kruithorings en rewolwers het nog meer gehelp om ons in die tyd van voor die Groot Trek terug te verplaas.

Dit is die twee damesspeelsters in die stuk se eerste optrede aan die PUK en dit lyk of ons nog baie van hulle kan verwag. Albei se Engels was ook baie goed. Maria Volker was oortuigend as mrs. Harding. Miskien is haar reaksie nog bietjie te gedemp en stadig. Loedie Krüger het 'n oulike seun uitgemaak in die rol van Peter Harding. Sy het al die vuur en beslistheid van 'n seun op dié leeftyd getoon. Ook Jan Ras het goed vertoon as Mr. Jackson, en Leon Swart het 'n oortuigende invalide uitgemaak.

Oor die algemeen kon die tempo miskien vinniger gewees het, die reaksies feller en die atmosfeer meer gespanne. Dit was nietemin 'n geslaagde vertolking.

In 'n paar items wat gevolg het, het Thos Liebenberg die pynlike operasie **pitsweer** uitgevoer. Dit was 'n stukkie uistekende mimiek. Salome Schutte en Doulina Viviers het die gehoor op die wieke van die lied weggedra, en Bennie Krüger het daarop 'n mooi en eenvoudige voordrag van Van Wyk-Louw gelewer.

Die opvoering van die eenbedryf **Lank mag sy lewe**, 'n vertaling uit die Engels van Phillip Johnson, het weereens bewys dat studente op 'n Vrydagaand lewensmoeg is a.g.v. die stryd teen die proffies. Daarom val 'n blyspel meer in die smaak.

Mej. Riekie Dekker, die regissieuse, het die beproefde materiaal tot haar beskikking gehad, en dit op 'n verrassende wyse aangewend. Andries Myburg se vertolking van die rol van Eduard Maritz was vir ons iets nuuts. Tot dusver het ons hom in „swaarder" rolle leer ken, en is die vermoede gewek dat hy hom slegs daartoe leen. Maar hierdie radeloosheid oor die fratse van 'n vrou wat hy tog liefhet, die diep-liggende vrees vir wat haar verbeeldingryke brein weer as 'n nuwe speelding en tydverdryf mag aangryp, ja die uiterste radeloosheid wat kwalik in ongeduld mag oorgaan voor die gaste, dit alles is baie geslaagd aangevoel.

Hierteenoor was die spel van Bets Coetzee as die oorsaak van alles, bepaald verkwiklik: Marienne het blykbaar nie veel vir haar hande te doen nie, en daarom gryp sy nou dit, dan weer dat aan om haar besig te hou. Ondertussen het sy dwarsdeur die verloop van die stuk die noodsaaklike salige onbewustheid oor die ongerief wat sy andere aandoen, baie mooi in stand gehou. „Aller liefies" hou sy Eduard in haar sak.

Pieter Brugman en Marieke Willemse het as die egpaar Carstens nie die geleentheid gekry om werklik 'n eie stempel op die rolle wat hul vertolk het, maar daar kon miskien 'n rapsie Carstens nie. Terloops, die liefdestoneeltjie was skitterend—en alle eer ook aan Bollie Pretorius hiervoor! Frans Carstens was besonder begaan oor die lot wat sy ou vriend te beurt geval het, maar daar kon miskien 'n rapsie meer variasie gewees het.

As 'n geheel kan die stuk as geslaagd beskou word. Die samespel was spontaan en natuurlik, en die inlewing in die verskillende rolle goed.

**PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.**
vir al u
Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.
Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.
Kerkstraat 220 — Telefoon 1293
Potchefstroom.
Voorraadhouers van alle
**Onderdele en bykomstighede vir u Motor, Trekker, ens.**

CORNER FRUIT STORE
„U KEN ONS!!"

OOSTHUIZEN Kole-agentskap.
Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

## AG DIT IS MAKLIK.

Het u al opgemerk dat Cassawali kom en gaan? Blykbaar is dit maar 'n karaktertrek wat eie aan hom is, want: ook sy gaatjies-raai-raai het gekom en gegaan. Maar Cassawali hou van die Pukkies en wil hulle nie graag teleurgesteld sien nie, dus probeer hy hulle nou vasvra. Maar hy besef self . . . . . ag maar dit is so maklik!

Hy bied 'n prys van 10/- aan vir die gelukkige persoon. (Ag hoe jammer dat die prys gekrimp het.)

Plaas u korrekte antwoorde tesame met die vormpie hieronder en n sikspens in 'n koevert, gooi dit in posbus no. 113 en . . . . . wag!

CASSAWALI.
„Die Wapad". No. 9.
Naam ..........................................
Adres ..........................................
..........................................

Cassawali vra:

1. Wat is die naam van die warmste plek op aarde? Die hoogste temperatuur is daar 152 grade. (Hy fluister: dit is êrens in die Persiese golf.
2. Watter koning van Engeland het vir vir vyftienjaar nooit geglimlag nie weens die dood van sy seun?
3. Op watter manier groei die blou blomme van die Solda Nella (Switserse Alpe) deur die ys?
4. In watter land is die Eierbrug? Tweehonderd-en-twee wavragte eiers is gebruik om die beton mee te meng in die plek van water.
5. Waar kom die naam Kanaän vir die strokie land langs die Middellandse see vandaan?

### CASSAWALI SE GAATJIES RAAI-RAAI.

Hier is die oplossing van verlede keer se raai-raai:

Dwars: 1. Kovsies. 6. Plaag. 7. Santjie. 8. Enig. 10. Nekwerwel.

Af: 1. Kaster. 2. Vinnin. 3. Inja. 4. Pes. 5. Cassawali. 9. Genus. 11. Leeg. 12. Kar.

Die wenner is: **Ester Buitendach, Klawerhof.**

### DIE MAAN HET GEBLOOS . . . .

Die vlinder van die Alabama het eindelik haar vlerkies verbrand, en dit lyk of sy baie in haar skik is met die kers, Willem Grönum. Vir die oningeligtes . . . . haar naam is Lien Fivaz. Die „Wapad" moes gedink het dat hy 'n goeie „match maker" is, want gedurende die afgelope week het sy sportredakteur, Piet. Riekert, afgehaak en gekys met Julia Botha, 'n gewese UOVS-nooientjie en tans bekend in P.U. sportkringe. Hulle sê dat Dirk Postma, nogal ondervoorsitter van die Studenteraad, darem nou al weer begin het om iets meer as koue water in te neem, hoewel Christine Sander se verskaffing van die ander bestanddeel van sy spyskaart weliswaar nog niks kon verflou het nie. Nog twee wat glo dat dit goed is om al'e dinge te beproef, maar beter om die goeie ou paaie te behou, is Emmarentia Coesee en Cecil Harrington.

Naas Steenkamp het nie verniet vanjaar so naby Premiermyn gaan werk nie, miskien het hy nog 'n aandeel daarin, want kyk 'n bietjie na daardie klip aan Sarie se vinger! (Voornemende verlowers, moet hom nou net nie oorval met aansoeke nie!)

Ai, die verhoudings, darem, wat nie kyse durf heet nie! ! So een bestaan glo nou ook tussen Annemarie Lindhout en Paul Kruger. (Ek wonder of sy in Geskiedenis ook onderskeiding gekry het as gevolg daarvan?)

Dan het Piet Buys 'n dogter ryker geword en „oom" Hein Kruger 'n seun—ons is seker hulle is definitief toekomstige Pukke van die jaar 1974!

### STEL U BELANG?

Indien u enigiets het wat u baie graag wil adverteer het u nou in hierdie ruimte geleentheid daartoe! Plaas 'n advertensie van daardie radio wat u so graag wil verkoop in die kolom van persoonlike advertensies en kyk hoe gou raak u daarvan ontslae. Die koste bedra 1/6 vir die eerste duim en daarna 1/- vir elke adisionele duim of gedeelte van 'n duim.

### TOKKELOKKE AANDAG:

U kan 'n splinternuwe manelpak koop vir £25. Dit sal pas vir 'n persoon van ongeveer 5' 8" of ietwat langer. U kan voorwaar nie hierdie kans laat verby gaan nie. Verkry dadelik verdere besonderhede by Hannes v.d. Walt (Th. B. 1), Von Wielligh-straat 39.

### TE KOOP:

Vir amateur fotograwe is dit 'n winskopie! Dit is in puik werkende toestand en heeltemal akkuraat. Nuut het dit £4-10-0 gekos en u kan dit nou kry vir die skamele bedrag van £2-10-0 Wat is dit? 'n „Actino" ligmeter. Kom besigtig dit by Andries Myburg, Von Wiellighstraat 39.

Drink S & S en Geniet
DIE BESTE
SUPER ORANGE
TING-A-LING
PEP-A-DILLA
TOP HAT
SHERR & SHAKINOVSKY
POTCH. MINERAL WATER FACTORY
Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

MOOIRIVIER-APTEEK
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380
Die Apteek vir Diens!!

KOM SIEN ONS—
vir al u
• Fotografiese
en
• Aptekersbenodigdhede.
GEEN & VELLEMAN
Kerkstraat,
POTCHEFSTROOM.

TURKSTRA BAKKERY
(Edms.) Bpk.
Kerkstraat 61.
RAADPLEEG ONS VIR . . .
• BROOD
en
• ALLE KOEKSOORTE.
ELKE DAG VARS . . . .

J. TOD SUTTIE.
Komplete
Mansuitrusters
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

JAY'S GARAGE
(K. NODEL, Eienaar)
Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM
Voorraadhouers en Handelaars in
• MASSEY-HARRIS TREKKERS
• PLAASGEREEDSKAP,
• PLANTERS en STROPERS,
• S.A.F.I.M. en WILDBOAR-IMPLEMENTE, ens.

LOOCK & KEENEY
Kleremakers
Calderbanksgebou,
Kerkstraat 150 — Telefoon 855.
POTCHEFSTROOM.

PRESIDENT CAFE
and
GRAND CAFE
FOR:
• SWEETS,
• GRILLS
and
• COOLDRINKS

A. T. LUKE & KIE.
APTEEK
ook
• GRAMMOFOONPLATE
Gewone- en Langspeelplate.

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE HAARKAPPERS TOT U DIENS.
„Netheid en Kwaliteitswerk" is ons leuse.
Rokersbenodigdhede en Fantasiegoedere

DIE BULT SKAATSBAAN
„PUKKE ondersteun ons vir AANGENAME ONTSPANNING"
Oop vanaf 7.30 in die aand

J. P. van der WALT
APTEEK
Kerkstraat 161 — Potchefstroom
„ONDERSTEUN 'N OUD-P. U. KANER!"
Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

WESTVAAL
Studente !!!
VIR KWALITEIT DROOGSKOONMAAK
STUUR NA
WESTVAAL

INGRAM SE
BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
• Wynsoorte
en
• Spiritualieë

# Wie gaan op die Pukke wen?

## MANSHOKKIE OP PAD NA LIGA-OORWINNING.

Die Pukke kom deesdae met pragtige hokkie vorendag en dit lyk tans of hulle nie in hul sege gestuit sal word om die Liga te wen nie.

P.O.K.

Woensdag 5 Junie het P.O.K. en Pukke kragte gemeet op die hokkieveld. Met rustyd was daar nog geen telling nie maar na rustyd het die Pukkies op dreef gekom. Net na rustyd het Paul de Bruyn die bal op die halflyn in die hande gekry en soos blits langs die kantlyn afgetrek, die een poot ná die ander afgeskud, en 'n sierlike doel aangeteken. Doele is behaal deur André Liebenberg (1), Horst Wiese (2), Piet van Wyk (1) en Paul de Bruyn (2). In die tweede helfte het die Pukke mooi afgeronde spel gelewer en P.O.K. op die ou end 6—2 geklop.

KLERKSDORP.

Saterdag 8 Junie, het die Pukkies weereens omgesukkelde hokkie gespeel om die sterk span van Klerksdorp op Western Reefs se veld met 3—2 te klop, nieteenstaande hulle op een stadium 2—0 agter was. Met die taktiek van kort aangee bewegings tussen die voorspelers het die Pukke hul opponente later skoon van hul voete af gespeel. Die Pukke was deurgaans die beste span op die veld.

Paul de Bruin en die ou staatmakers Horst Wiese en Piet van Wyk, en veral die nuweling, **Tienie Potgieter,** verdien spesiale vermelding vir hul voortreflike spel.

TWEEDE SPAN.

Die tweede span wat Strathvaal die vorige week 7—0 kafgedraf het, het punte gekry van dorp en staan tans, netsoos die eerste span, bo-aan die punteleer.

# Voetbalprestasie van Pukke.

## PUKKE BUIT TWEE BEKERS VIR MOOI VOETBAL.

Theos en die onder-19span het daarin geslaag om twee bekers vir die aantreklikste voetbal te buit tydens voetbaldae wat op Wolmaransstad en Viljoenskroon gehou is.

THEOS:

Theos het mooi voetbal gespeel en die bal heelwat lug gegee. Die bal is goed bemeester in die skrums en lynstane en die agterlyn het die een beweging na die ander op tou gesit. Die voor- en agterspelers het mooi gekombineer en voortreflike spel gelewer.

Indien daar nie Woensdag so'n strawwe oefening was nie, kon die spelers hul heel beste gelewer en sodoende miskien 'n hoër telling daargestel het.

Die drieë is aangeteken deur Don Human en Piet Steynberg, terwyl een vervyf is deur Dannhauser. Theos het hierdie wdstryd teen Wolmaransstad gewen met 8—0.

Ons hartelike gelukwense aan Bussie, Don, Frans deBruyn en Jan van der Schyff met hul insluiting in die Wes-Transvaalspan asook aan Hendrik Erasmus wat weereens reserwe was.

NAVY:

Navy het Saterdag 8 Junie in 'n ligawedstryd teen Lichtenburg te staan gekom en hoewel die manne geswoeg en gesweet het, moes hulle met 'n gelykopbeslissing tevrede wees (0—0).

FIRES en TEKKIES:

Dit was van die begin af duidelik dat die manne gladnie fiks is nie, en in hierdie verband dink ons veral aan die ongereëlde en swak bywoning van oefeninge.

Fires en Tekkies moes die onderspit delf met 10—0 teen Hartebeesfontein en dorp onderskeidelik.

ONDER 19.

Onder 19-A het in 'n uiters saai wedstryd daarin geslaag om P.O.K.-onder 19-B met 19—0 te klop, terwyl die B-span in hul wedstryd teen P.O.K. se onder 19-A die loef afgesteek is met 11—0.

Op Vrydagmôre 31 Mei het twee O. 19-spanne na Viljoenskroon vertrek om aan 'n rugbybyeenkoms daar deel te neem. Die spanne het bekend gestaan as „DIE EEN SPAN" en „DIE ANDER SPAN".

„Die Een Span" het windmaker voetbal gespeel en die skoppe tot 'n minimum beperk. Die beker vir die span wat die aantreklikste spel van die dag gelewer het, is dan ook deur hulle gewen. Die telling was 15—3. Veral Grönum het voortreflike spel gelewer en na aan die beker gekom wat vir die beste indiwiduele speler van die dag toegeken is. 'n Speler van Vereeniging het egter die eer ontvang.

„Die Ander Span" se spelers kon mekaar nie vind nie en het boonop met vasberade teenstanders van Vereeniging te doen gekry. Hulle is 17—3 die loef afgesteek maar die telling kon baie anders gewees het as baie bewegings nie op die laaste nippertjie skipbreuk gely het a.g.v. swak hanteerwerk nie.

DAMES!!
**Kom koop al u benodigdhede hier op die BULT**
**teen baie redelike pryse.**
OOK ALLE TOILETWARE.
Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD
**CACHET MODES (EDMS.) BPK.**
TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.
POTCHEFSTROOM

W. J. SPAVINS & SEUN
vir alle
*Elektriese Benodighede*
KOELKASTE • RADIO'S
Kerkstraat 101 — Potchefstroom.
Telefoon 185.

**Geniet die Meesterstuk**
**...in die Meester Grootte**




Rembrandt
MEESTERS
FILTER DE LUXE
DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE
Kopiereg RMFA 5